Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 3 – 31 Januarie 2025

## OUERLEIDING

### KWEEK ‘N LIEFDE VIR LEES




Kinders wat goed kan lees, presteer ook op akademiese gebied. Dit is al oor en oor bewys. Ons vier volgende week Wêreld hardoplees dag by die skool. Kinders kan ‘n storieboek vir ons Lynnies se leeshoekie skenk as hul wil, ‘n storie saam met maats lees en die wonder van boeke beleef.

Kinders gaan met prettige handgemaakte leesbrille skool toe kom op Vrydag, 7 Februarie en dalk ‘n prys wen. Met nuwe oë gaan ons opgewonde raak oor die towerkuns wat boeke inhou.

Little Books bederf ons weer met ‘n boekverkoping van 5 tot 7 Februarie by die skool en is altyd ‘n hoogtepunt vir ons Lynnies.

Om kinders van ’n jong ouderdom af aan boeke bloot te stel en vir hulle stories voor te lees, leer hulle nie net die waarde van boeke nie, maar dit is ook meer voordelig as televisie kyk vir hul breinontwikkeling, woordeskat en ander taal- en kommunikasie-vaardighede.





Herhaling van woorde en begrippe ontwikkel hulle geheue sonder dat hulle dit agterkom en die illustrasies dra by om hulle verbeelding vlerke te gee.

Selfs oudioboeke is beter as televisie, want behalwe om self in sy verbeelding kleur aan die storie te verleen, moet die kind luister en verstaan om die storie te volg, wat sy begrip verbeter. Gesels agterna oor die storie en vra vrae sonder dat dit voel of die kind getoets word.

Om saam met jou kinders te lees, help hulle om boeke as ’n aangename tydverdryf te sien, eerder as “huiswerk” of ’n plig.
Dis egter noodsaaklik dat jy as ouer ‘n voorbeeld is. Lees en gesels oor boeke. Besoek saam boekwinkels of sluit by ‘n biblioteek aan.
Dit sal een van die beste beleggings ooit wees.

# D6 NUUTSTE WEERGAWE




# K U L T U U R

## GRAAD 6 EN 7 ONVOORBEREIDE TOESPRAAK WERKSWINKEL

Op 31 Januarie 2025 word daar vir al die graad 6 en 7 leerders 'n onvoorbereide werkswinkel om 14:15 - 17:15 aangebied. Die werkswinkel is om die leerders te help met die samestelling van onvoorbereide toe-sprake. Die werkswinkel is gratis.

Ons hoop om al die leerders daar te sien.

## REDENAARS

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

## REDENAARGEDAGTE VIR DIE WEEK

*"It always seems impossible until it's done".*
*Nelson Mandela*

## ATKV 2025

*Verwys na d6 vir inskrywingsvorm.*
*Inskrywings sluit 7 Februarie 2025!*
Graad 1 – 3: Klei, Stem, Beweeg
Graad 4 – 5: Streep, Resep, Vloek
Graad 6 – 7: Kits, Spiraal, Ritme

## KUNSTE AKADEMIE

Daar is nog vier plekke in juffrou Carli se dramaklasse beskikbaar vir graad 1 tot 4 leerders.

Kontak haar spoedig by carlidevenish@gmail.com om u kind se plek te verseker!



# VOORTREKKERS

## Skryfbehoefte projek

***Die pen is waarlik meer werd as 'n swaard.***

Dankie Lynnies!




Knapgedaan aan elke Lynnie wat gehelp het om vir die 5de jaar skryfbehoeftes in te samel! Dit is wonderlik om te sien hoe ons gemeenskap saamstaan om ander te help.

Die Afrikaanse idioom "*die **pen** is magtiger as die swaard*" beteken dat dit 'n vaardigheid is om met selfvertroue jou sê te sê. Dit sal jou dan in die toekoms aan die voorpunt van jou veld plaas. Opvoeding en geleenthede is so belangrik om suksesvol te wees in die lewe.



Die skoliere van La Montagne Primary was baie dankbaar vir die skryfbehoeftes wat ons geskenk het. Kom ons hou ons oë oop vir geleenthede om ander te help en 'n verskil te maak. Ons kan deur skryf en kommunikasie 'n verskil maak in die lewens van ander. Soos Lynnies bewys het, kan selfs die kleinste gebaar 'n groot impak hê.

Laat ons voortgaan om 'n gemeenskap te wees wat omgee vir ander en saamstaan om maats in nood te help. Soos ons gesien het, kan ons almal saamwerk en 'n verskil maak - een skryfbehoeftekrat op 'n slag.

**Turksvyfees**

Wat doen jy die naweek? Kom eet 'n turksvy en neem deel aan die pret!




**TURKSVY FEES**

**SATERDAG 1 FEBRUARIE 2025**
**09H00 TOT 15HOO**

**VOORTREKKERMONUMENT**

**Kosstalletjies**
**Volkspele**
**Kameelritte**
**Boere Orkeste**
**Sweepklap**
**Turksvy Sprekers**
**Biertent**
**Trompoppies**

**Natuurlik BAIE Turksvye en Turksvy Produkte**

Skryf in vir die ***Parkrun:***
https://www.parkrun.co.za/register/?eventName=voortrekkermonument
Koop jou kaartjies vir die ***Turksvyfees*** aanlyn:
https://www.turksvyfees.co.za/product/algemene-toegang-volwassene-aanlyn-kaartjie-verkope/

## OUD-LYNNIES PRESTEER UITSTEKEND!




## AKADEMIE

**KUNS**

Die graad 5 leerders eksperimenteer met verf om sekondêre en tersiêre kleure baas te raak.



## LEIERGROEP OPLEIDING

**SKEDULE VIR KWARTAAL 1**





## DIENSRAAD

Hierdie week het die Diensraad persoonlike ontwikkelings opleiding by Me. Maryna Stevenson ontvang.

Hulle het geleer oor eerste indrukke en die belangrikheid daarvan.
Dankie Maryna dat jy die tyd neem om ons leiers te leer oor die fynere dinge van die lewe.



# DAMESOGGEND 2025









**'n Brosjure met al die nodige inligting sal Maandag, 3 Februarie per Whatsapp uitgestuur word.**

**Kaartjies sal ook vanaf Maandag gekoop kan word.**

# SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

## SPORT

### KRIEKET

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag 4 Februarie** | | | |
| 14:30 – 17:30 | WHPS 1ST | Lynn 1stes | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS 2nd | Lynn 3des | Attsport A |
| 14:30 – 17:30 | WHPS 3rd | Lynn 4des | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS 4th | Lynn 5des | St Albans |
| 17:30 – 20:30 | AFFIES | Lynn 2des | AFFIES |
| 17:30 – 20:30 | AFFIES | Lynn 6des | Lynnwood |
| **Woensdag 5 Februarie** | | | |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/11A | Lynn o/11B | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/10C | Lynn o/10C | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/10A | Lynn o/10B | Lynnwood |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/11B | Lynn o/11C | OLD BOYS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/11C | Lynn o/9C | AttSport A |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/10D | Lynn o/8 Blou | Attsport B |
| 17:30 - 20:30 | Lardies o/9 | Lynn o/9A | Lynnwood |
| 17:45 – 19:00 | BEV Krieket | Alle Graad 1's | Lynnwood |
| **Donderdag 6 Feb** | | | |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/9A | Lynn o/9A | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/9B | Lynn o/9B | WHPS |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/9C | Lynn o/8 Groen | Lynnwood |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/9D | Lynn o/8 Rooi | AttSport A |
| 14:30 – 17:30 | WHPS o/11D | Lynn o/8 Wit | AttSport B |
| 17:30 – 20:30 | AFFIES | Lynn 5des | AFFIES |
| 17:30 – 20:30 | Lardies o/11 | Lynn o/10A | Lynnwood |
| **Vrydag 7 Februarie** | | | |
| 14:30 – 17:30 | Woutjies | Lynn o/9B | Bruinslichpark |
| 14:30 – 17:30 | Lardies | Lynn o/11C | Attsport A |
| 14:30 – 17:30 | Lardies | Lynn o/12A | Elarduspark |
| 14:30 – 17:30 | Woutjjies | Lynn o/12B | Lynnwood |
| 17:30 – 20:30 | Lardies | Lynn o/10B | Elarduspark |
| 17:30 – 20:30 | Lardies | Lynn o/11B | Villeria |
| 17:30 – 20:30 | Lardies | Lynn o/13A | Lynnwood |
| **Saterdag 8 Februarie** | | | |
| 08:00 – 11:30 | Lynn o/8 | Pta East o/9 | Tygervalley College |
| 08:00 – 11:30 | Lynn o/8 | TUT | TUT |
| 08:00 – 11:30 | Lynn o/11B | Irene Villagers | TBC |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/9A | NSSSC | Crawford Lonehill |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/9B | NSSSC | Redhamm House Loneil |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/10A | NSSSC | Rivonia Primary |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/10C | NSSSC | Attsport B |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/11A | NSSSC | Attsport A |
| 08:30 – 13:00 | Lynn o/11C | NSSSC | Curro Midrand Halfway Garden |
| 08:30 – 13:00 | Lynn 3des | NSSSC | Curro Midrand Sagewood |
| 08:30 – 13:00 | Lynn 2des | NSSSC | Bryandale Primary |
| 08:30 – 13:00 | Lynn 1stes | NSSSC | Lynnwood |

## PERSONEEL

### VERJAARSDAE

**FEBRUARIE**

1 Megan Lubbe (o/w ass)
3 Rita Bisschoff (o/w ass)
4 Ruan Pieterse (o/w) +
Lizelle Stolk (admin) +
Marzé van Breda (pre-prim ass)
6 Chantoné van der Merwe (o/w ass)
7 Sanet Wilken (naskool)
8 Thea van der Lith (o/w)
12 Jerry Ramphisa (alg. ass) +
Sarah Tshelane (naskool)
14 Marco Coetzee (o/w)
15 Dirk Wessels (o/w)
17 Nicolas Smit (intersen. ass)
19 Raschel Truter (o/w) +
Wilna Mabin (naskool)
25 Tasha Venter (o/w)
29 Diana Louw (naskool)

## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


Karate Gr. R – 7
Kontak Ian:
074 146 2175
Eerste klas gratis
IKO KYOKUSHINKAIKAN
EST 1981
HARLEQUINS
Voordele
Selfverdediging
Anti-Boelie
Selfvertroue
Liggaam kondisionering
56 Totius Street, Groenkloof,
Harlequin Rugby Club


WATERKLOOF
TINA COWLEY LEESSENTRUM
SCAN ME!
VISIE:
By Tina Cowley poog ons om elke student tot sy volle potensiaal te help ontwikkel in lees met begrip en hom/haar op so 'n wyse toe te rus met die nodige selfvertroue.
MISSIE:
Elke student se leespotensiaal word ontwikkel deur die verbetering van:
• begripslees
• spoedlees
• geheuevaardighede
• leesvaardighede
• spelvaardighede
• studievaardighede
Verseker jou kind se optimale ontwikkeling en skryf in by ons leessentrum.
173 HELOMA STRAAT
WATERKLOOF
RENA: 0828267770


JOSHUA NA DIE REËN
6 Februarie 2025
19:00 | R220
AfriForum Teater
Kaartjies is nou beskikbaar by
www.afriforumteater.co.za.


QRMA
QR code solutions in business and education
School Textbook
QR-label your child's schoolwear
Optimize your scholarly journey with QR codes.
Easily manage school clothes and sports gear by attaching QR codes for clear identification. Scan items to access scholar details, ensuring correct identification and ownership.
Open Camera
Unlock your smartphone and find the camera app. Tap to open your camera.
Scan QR Code
Position your camera so the QR code is centered in the frame. Ensure there's enough light and the QR code is clear. Hold steady as your phone recognizes the code.
Follow Prompt
Once detected, tap on the link or notification that appears. Explore the content or follow instructions as needed.
01 STEP
02 STEP
03 STEP
How to scan a QR code
qrma.io
qrma.io
info@qrma.co.za
qrma.io